# 701. JAH'SHUA ROEP MY VIR 'N SONSTRAAL

Jah'Shua roep my
vir 'n sonstraal,
Om elke dag te skyn.
Hom te behaag
is my strewe,
al is my liggie klein.

*KOOR*
*'n Sonstraal (x2)*
*Jah'Shua roep my*
*vir 'n sonstraal!*
'n Sonstraal (x2)
*Laat my 'n sonstraal*
*steeds wees.*

Jah'Shua ek bid U,
o help my,
en hou my hartjie rein.
Graag wil ek wees
net soos U is,
al is ek nog maar klein.

*KOOR*

So wil ek skyn
vir my Heiland,
en lewe tot Sy eer.
Trou in Sy diens
hier op aarde,
Dan eenmaal by Hom weer.

*KOOR*